Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 6 Mei 2018 Jr. 7 Nr. 16
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Só anders

Hemelvaart en Pinkster

Só anders – dit is Neels Jackson se opskrif in die Kerkbode wanneer hy oor Hemelvaart en Pinkster skryf. Die opskrif het sommer 'n klomp emosies en gedagtes by my losgemaak.

Aan die eenkant vier ons Hemelvaart – Ons neem afskeid van Jesus. Hy gaan weg om vir ons plek voor te berei en aan God, die Vader, se regterhand te gaan sit. Hy wat God se koninkryk aan ons bekend gestel het, het Hom onttrek. Gelukkig is dit oor 'n paar maande Kersfees. Dan vier ons darem weer Sy koms na hierdie wêreld. Intussen is Hy weg; vir sommige tot en met Sy wederkoms.

Aan die anderkant vier ons Pinkster waartydens ons juis die aktiewe teenwoordigheid van Christus vier. Hy is toe nie weg nie. Hy kom nie eers weer na vore met die viering van Kersfees nie. Ons hoef ook nie te wag tot die wederkoms nie. Hy is aktief betrokke by elkeen van ons. Hy is ook nie net daar waar ons 'n erediens hou of saambid nie. Hy is by my huis, by my werkplek, in my motor – waar ek ookal beweeg, daar is Hy.

Jesus se belofte in Matteus 28:20 is so spesiaal: "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Die manier waarop God met ons op reis is, is so verrassend en tog ook so vreemd. Dit maak dit terselfdertyd ook so spesiaal.

Sondag 6 Mei

Pinkstertema: ***God se vreemde impakspelers: Bybelse roetes vir geloofvorming***

'n Struikel-en-opstaan impakspeler: Die verhaal van Markus se lewe

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek (doop)	Stephan Joubert
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel (doop)	Stephan Joubert
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Paul Barnard
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tiener dissipelskap	
19:00 Tiererkerk woon Pinkster by	
19:00 Aandkerk (kerk)	Stephan Joubert

Bid saam met ons vir die volgende:

Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek
Desiré Groenewald - kanker
Sean Nieuwoudt - kanker (Sean is die seun van Sakkie en Jeane)
Annelize Kritzinger se pa, Hannes Jansen van Vuuren - kanker

Deurkollekte: KidsXpress

Pinkster: God se vreemde impakspelers: Bybelse roetes in geloofvorming deur Stephan Joubert

Sondag 19:00 - *Die invloed van een: Josef, God se genade-gesant in Egipte*
Maandag 10:00 - Herhaling van Sondagaand in Kapel (DVD)
Maandag 19:00 - *Die weerstandigheid van een: Die genadige God en 'n ongenadige Jona*
Dinsdag 10:00 - Herhaling van Maandagaand in Kapel (DVD)
Dinsdag 19:00 - *Die stroom-op een: Paulus, God se maraton impakspeler*
Woensdag 10:00 - Herhaling van Dinsdagaand in Kapel (DVD)
Woensdag 19:00 - *Die geloof van een: "Cherchez la femme!" (soek die vrou!)*
Donderdag 10:00 - Herhaling van Woensdagaand in Kapel (DVD)

Sondag 13 Mei

Moedersdag

Handelinge 1:15-17 en 21-26

08:00 Meditatief	Hannes Theron
08:30 Klassiek	Danie Möller
10:00 Meditatief	Hannes Theron
10:00 Informeel	Lizette Louw
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie O'Kennedy
10:00 HB Village	Danie Möller
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Wat gebeur die week:

Dinsdag 8 Mei
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent

Donderdag 10 Mei
Geen Bybelstudie
Hemelvaart - Kapel is oop vanaf 08:00, 'n program oor Hemelvaart sal om die halfuur loop
19:00 Hemelvaartdiens - Kerk

Die volgende ouerpare doop op 6 Mei:

Klassieke diens
Ingo en Michelle von Petersdorff met Amika Amelia

Informele diens
Freddie en Chrisna Bakkes met Daniël Frederik
Jean-Pierre en Liesl de Kock met Mila
SP en Adél Griebenow met Tristan Daniel
Ruaan en Caroline Lindes met Juan-Luke Christian
Hein en Mia Mocke met Luka
Hannes en Luné Schoeman met Lilla-Mari



Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Strydom en Marlene Bruwer met hul kinders Hendri en Alta-Marié - Gordonsbaai

Wil jy 'n klavier verkoop?

Ons is op soek na 'n klavier vir die Kapel. Ons het 'n donasie gekry, maar is nou op soek na 'n klavier.
Kontak asseblief Ontvangs indien jy een het om te verkoop by 021-851 5582

Helderberg Seniorklub

Byeenkoms vir Mei-maand word gekanselleer (8 Mei is Pinkster).
LW: Ons het eers weer op 5 Junie 'n byeenkoms.
Besoekers en nuwe lede is welkom*: Koste R20 en dit sluit tee in.*
Kontakpersoon: Isabel Lubbe 021-855 1528 of 082 844 0735

DIY Oggend - mosaik

Wanneer: 16 Mei
Waar: Die Tent
Tyd: 10:00-12:00
Tema: Ons gaan saam mosaik (jy is welkom om enige iets saam te bring wat jy dink ons kan gebruik)

ALMAL IS WELKOM. Ons maak saam iets en kuier lekker saam.

Donasies gaan vir Helderberg Beradingsentrum.

Navrae: Meagin 021 851 5582

Pinkster is kuiertyd

Ons kuier altyd lekker saam tydens Pinksteraande met heerlike kos wat ter fondsinsameling vir projekte en bedieninge verkoop word. Die spyskaart is:

- Sondagoggend – Internasionale studente: hoender en ry @ R35
- Sondagaand – Kinderevangelisasie: sop en rolletjies @ R15
- Maandagaand – Griekeland KT Uitreik: Griekse gevulde pitas @ R40 of R20 (halwe pita)
- Dinsdagaand – Versorgingsfonds: kerrievetkoek @ R20 en kaas&konfyt vetkoeke @ R15
- Woensdagaand – Pêrelprojek: sop en rolletjies @ R15

Die kos is vanaf 18:00 in die tent te koop asook na die diens. Bestellings kan vooraf by Ontvangs geplaas word om teleurstelling te voorkom. Dis altyd so ‘n lekker gevoel as jy hier instap en almal sit gesellig en saam eet. Moenie daarop uitmis nie.

As jy wil uithelp by die koffie/tee bediening die week, kontak my gerus. Enige hande is welkom sodat almal ‘n heerlike warm drinkding kan geniet.
Corneille Barnard – aanbidding@nghelder.co.za

Kom kuier saam - Hemelvaart

Ons sluit Pinksterweek af met ‘n heerlike Hemelvaartfees op Donderdag 10 Mei. Vanaf 8:00 sal daar ‘n program in die Kapel wees vir die wat wil kom stil word. Kom drink gerus koffie daarna in die Tent – daar sal *muffins @ R10* te koop wees.

Die aand gaan ons ‘n heerlike musiek en lofprysingsaand om 19:00 in die kerk hê. Ons wil dit sommer ‘n lekker feesgeleentheid maak met verskillende kostalletjies vanaf 17:00 en na die diens.

Kom ondersteun gerus die stalletjies en eet lekker saam voor en na die diens. Daar gaan o.a. kerrievetkoeke, boereworsrolle, kerrie rotis, pizza-snye, basaar poeding en soetgoed te koop wees. Jy kan ook al jou beesstertpotjie kaartjies vooraf by Ontvangs koop teen R50 pp.

Ons soek ook asseblief nog mense/groepe wat die verskillende stalletjies wil beman bv koeldrank, pizza, boereworsrolletjies en poedingstalletjie. En dan wyn skenkings en poedingprodukte.

Kontak asb vir Corneille Barnard by aanbidding@nghelder.co.za vir enige navrae. Ons hoor graag van julle.

Winter warmte vir die Dienssentrum

Pinkster is 'n herinnering aan God wat vir ons die ewige lewe **gegee** het. Dit is ook 'n tyd van vrygewigheid en die Dienssentrum wil graag die komende winter meer **gee** aan die gemeenskap. Daarom wil ons graag die Diens-sentrum se kaste oorvol maak om weg te **gee** en vra ons dat jy ook asseblief iets sal **gee** as jy kan**.** So kan ons God se liefde en warmte hierdie winter in oorvloed aan ander **gee** wat dit nodig het.

Hier is 'n lysie van goedere waarmee ons 'n verskil kan maak:

- Klere en skoene
- Sokkies, musse, serpe
- Komberse, *fleecies*, duvets
- Droë produkte bv mieliemeel, pasta, rys, soppoeier, sopmengsel, *cup of soup*
- Blikkies bv ingemaakte vleis, vis, tuna, *sweetcorn*, mielies, *chakalaka*, tamatie&uie
- Drinkgoed bv tee, koffie, *hot chocolate*, suiker

Kom plaas dit gerus tydens Pinksterweek in die Dienssentrum-kis in die kerk se voorportaal. Ons sien uit daarna om te sien hoe dit groei.

Navrae: Yolandie – Dienssentrum by 021-851 5582

Belydenis van geloof

Persone wat graag hul lewende verhouding met Jesus Christus voor God en die gemeente wil bely word uitgenooi om dit te doen op Sondag 20 Mei.

Belydenisaflegging bestaan uit twee geleenthede:

- 'n Intieme geleentheid in die Kapel waar die jongmense, hul ouers en/of familie saam nagmaal gebruik. Dié geleentheid vind plaas op Woensdag 16 Mei om 19:00 en
- die openbare belydenis van geloof in een van die eredienste.

Belydenisvorms kan op die gemeente se webblad afgelaai word of is beskikbaar by die kerkkantoor. **Sluitingsdatum is 10 Mei.**

Navrae kan gerig word aan Annette Botha by 021-851 5582 of fbadmin@nghelder.co.za

KidsXpress

"*Bob the builder, can we fix it? Bob the builder, yes we can!*" Dit is wat kinders in talle gemeentes in Suid-Afrika verlede jaar tydens Kinder-pinkster gesing het. Bob die bouer was die karakter wat by elke geleentheid vir die kinders kom kuier het. Bob het die kinders telkens opgewonde gemaak met die sing van die liedjie. Die reeks wat aangebied was, is KidsXpress se publikasie, *God se Extreme Makeover-plan,* met die Nehemia-verhaal as basis.

God gee aan elkeen wat deur sonde stukkend gebreek is, 'n *extreme make-over* wanneer ons in sy Seun, Jesus, glo. Hy roep ons om sy herstelplan aan die wêreld bekend te maak en só sy geestelike huis op aarde al groter en groter te bou. God rus ons toe met geestelike gereedskap om sy plan uit te voer. Ons leer by Nehemia hoe belangrik gebed, spanwerk en God se Woord is. Ons sien ook uit na die dag wanneer ons, soos in die *Extreme Makeover*-program op TV, as't ware sal uitroep: "*Bus driver, move that bus*!" en God se volmaakte nuwe wêreld sal sien.

100 handleidings van die reeks is landwyd vir Kinderpinkster 2017 versprei en baie kinders is hierdeur bedien. Dit was vir ons heerlik om foto's te ontvang en te sien hoe kreatief gemeentes met die *extreme makeover*-tema gewerk het. Kerksale is in konstrukisie-persele omskep, kompleet met *scaffolding*, kruiwaens, sement en sand! Sit jou harde hoed op, Helderberg Gemeente, want tydens Kinderspinkster 2018 is dit ons kinders wat God se *Extreme Makeover*-plan gaan beleef!

KidsXpress se reeks, *Die Kerk Werk Wêreld Wyd,* wat in 2009 vir die eerste keer die lig gesien het, het 'n splinternuwe baadjie aan en gaan ook tydens Kinderpinkster in gemeentes aangebied word. Die reeks bestaan uit ses lesse uit Handelinge om kinders te help om getuies te wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld. Deur hierdie reeks sal kinders ontdek hulle is **Duurgekoop** deur die kruisdood van Jesus, **Ingeprop** in die krag van die Heilige Gees en **Aangeskakel** om die evangelie te verkondig. Kinders gaan op 'n virtuele reis saam met *Werk Wêreld Wyd* toere en word blootgestel aan verskillende lande waar die apostels die evangelie die eerste keer verkondig het. Ons besoek Israel, Etiopië, Sirië, Damaskus en Italië. Kinders word ook aange-moedig om vir elke land te bid.

Ons vertrou dat die Here die kinder-gebede kragtig sal beantwoord en dat daar vrede in veral Sirië en omliggende gebiede sal kom.

KidsXpress versprei lesmateriaal vir kinders tussen die ouderdomme 2-16 jaar na gemeentes, bedieninge en skole regoor Suid-Afrika en in Namibië. Die feit dat mense na 14 jaar steeds KidsXpress se materiaal gebruik laat ons in verwondering dat die Here ons toelaat om op die wyse in sy diens te kan staan.

Projekleier: Burgert le Roux
Kontakbesonderhede:
burgertleroux@gmail.com of 082 495 2228

Helderberg UITREIK

Koffie-kultuur

Koffie en kuier is sinoniem. Wat is nou lekkerder as 'n goeie koffie, veral as dit keurig en met liefde voorberei is. En voor jy na die diens hier wegry om êrens elders te gaan koffiedrink, kom ons maak van Helderberg ons kuierplek waar jy ook sommer ander mense kan leer ken. Ons het groot planne vir heerlike koffiekuiers in die toekoms:

- Ons het natuurlik ook begrip vir diegene in ons midde wat eerder steeds 'n lekker koppie tee verkies – 'n gasvrye gemeente gee immers ruimte vir verskeidenheid. Daar sal dus altyd Sondae 'n selfhelp teestasie wees, maar daar sal ook lekker gratis filterkoffie beskikbaar wees.
- Daar sal voortaan elke Sondag heerlike *Cappuccino's* te koop wees by die Kombuistoonbank. Ons gaan by die Hemelvaartfees afskop met 'n koffie lojaliteitskaart, asook 'n voorafbetaalde koffiekaart wat jou koffiedrink op 'n Sondag sommer baie makliker sal maak. Jy gaan ook voortaan jou koffie met *Snapscan* kan betaal of met kontant.
- Ons wil ook graag dat die koffiestasie in die toekoms deur lidmate self beman word sodat dit 'n meer persoonlike ervaring kan wees. Daarvoor gee ons 'n opleidingsgeleentheid vir mense wat belangstel om deel van ons *Barista-spanne* te word met geskeduleerde Sondagdiensbeurte. Die eerste *Barista*-opleidingsessie is op **Saterdag 12 Mei** (14:00-17:00) teen 'n koste van R200 pp (die waarde is van so 'n kursus is R1 500). Daar is beperkte plekke – so kontak my asb so gou moontlik indien jy belangstel.
- Lekker koffie het natuurlik 'n kultuur geword en daar is baie om te leer daar oor. Op **Vrydagaand, 25 Mei** om 18:30 hou ons 'n koffie-waarderingsaand waar jy meer oor die koffieproses kan leer en daarmee saam word 'n "coffee pairing" gedoen. Kaartjies teen R250 pp moet vooraf by Ontvangs gekoop word of kontak my gerus. Dit is 'n heerlike ervaring en gaan maak dat jy nooit weer dieselfde na koffie kyk nie.

Gasvryheid is een van ons waardes en elke gemeentelid is outomaties 'n gasheer/-vrou op 'n Sondag. Reik dus uit na nuwe mense, gaste of enkelinge en laat almal welkom voel. Nooi ook mense om na die oggenddienste saam in die Tent te kom kuier sodat die Tent die kuiertuiste vir almal word.

Navrae en voorstelle:
Corneille Barnard by aanbidding@ghelder.co.za

Gasvryheid kan nie sonder jou nie

Helderberg Gemeente is ‘n familie wat almal graag wil innooi, laat welkom voel en deel van die gemeente wil maak. Ons wil daar wees om mense tuis te laat voel en om die warmte van die gemeenskap van gelowiges te ervaar.

Maar gasvryheid gebeur nie net Sondae nie. Oral waar ons gasvry teenoor mekaar optree deur na mekaar te luister, deur mekaar lief te hê en te bedien, daar ontvang ons en ontmoet ons die Here Jesus Christus, en God die Vader.

Dit beteken ook om soms uit jou gemaksone te beweeg, 'n grens na ander oor te steek, en vreemdelinge welkom en veilig te laat voel.

Ons is opgewonde oor **De Villiers Engelbrecht** as die nuwe bedieningsleier vir Gasvryheid. Hy en sy span staan voor ‘n groot uitdaging om Helderberg se gasvryheidskultuur weer wakker te maak en uit te brei.

Omdat ons ‘n diverse gemeente is met verskillende dienste, is daar mense wie se paaie nooit kruis nie. Ons wil ‘n kultuur skep van gemeentebetrokkenheid sodat dit dan sal oorspoel na spontane gasvryheid op Sondae. As mense lekker saamkuier, dan leer hul mekaar ook sommer beter ken en is daar ‘n groter gevoel van “behoort” by die gemeente. Ons het alreeds ‘n paar afskop planne – hou die Helderstem en webblad dop.

Maar om suksesvol te wees wil ons graag soveel moontlik lidmate betrokke kry by ons gasvryheid aktiwiteite. Ons benodig mense wat deel kan wees van spanne wat o.a. op ‘n Sondag by die koffiebediening leiding neem en lidmate en gaste laat tuisvoel, ons Nuwe Lidmaatbediening op die been kry, gemeentekuiers help reël, idees en planne het vir fondsinsamelings en dies meer. Dus mense wat wil help droom maar ook doeners op die grond.

Met dit alles het ons jou hulp dringend nodig – laat weet ons asseblief as jyself of iemand ken wat sal wil betrokke raak, ‘n plekkie soek om te behoort of ‘n goeie voorstel het. Enige naam en voorstel sal ons opvolg. Kom gesels gerus met Corneille Barnard – aanbidding@nghelder.co.za daaroor.

Dankie dat jy ons help slaag om ‘n gemeente met ‘n warm hart te raak.

Holiday Club leiers

Die “Holiday Club” word die eerste week van die Junie vakansie aan-gebied, **24 Junie tot 29 Junie** 2018.

Tieners vanaf graad 7 word genooi om deel te wees van hierdie geleentheid waar hul leierskapseienskappe kan ontwikkel en kan leer om met jonger kinders, graad 1 - 6 te werk en groepe te fasiliteer.

Die tema vir dié week is *4 x 4 Adventure*, van KidsXpress waar hulle saam met die graad 1 - 6 kinders gaan leer wat gebeur as God jou lewe bestuur. Hulle gaan op ‘n avontuur deur die woestyngebeure van Exodus. Vanaf die beloftes aan Abraham tot met die bou van die tabernakel. Kinders gaan God gedurende die reis leer ken as die God wat sy beloftes hou, as die Redder wat altyd in beheer is. En dat Hy die God is wat sy kinders deur sy liefdevolle reëls versorg en by hulle kom woon.

Opleiding en oriëntering vind plaas op 25 Mei om 18:30 waar alle inligting van wat, waar en hoe deurgegee sal word.

Inskrywingsvorm is op Helderberg Gemeente se webblad beskikbaar by Bedieninge/Familiebediening of by die kerkkantoor.

Sluitingsdatum vir inskrywings: 8 June 2018
Inskrywingsfooi vir die week met etes ingesluit is R200, EFT aan:
Methodist Church of Southern Africa
First National Bank, Somerset West
Rek nr: 5368 1047 214
Takkode: 200512
Verwysing: HC + naam

Navrae: Lizl Botha 084 8002 764

Kinderbediening kursus

Wil jy graag toegerus word om Bybelse waarhede d.m.v Bybellesse, sang, speletjies en ander kreatiewe metodes op ‘n kind se vlak te kan verduidelik?

Die *Super Seminare* kursus van Child Evangelism Fellowship word vir ses Donderdae oggende 8:30-12:30 vanaf 17 Mei tot 21 Junie aangebied.
R200 per persoon by Fairhaven Konferensie lokaal.

Navrae kontak Minette Krog by
083 655 0111
Inskrywings na Marié Schoeman by
082 414 8687

Registreer voor 10 Mei

Gholfdag

Met Kinderbeskermingsweek wat einde Mei gevier word, het Die Burger dit goedgedink om 'n deel van die wins van hul Gholfdag vir sakelui aan die kinderstigting van Badisa, die Badisa Children Foundation NPC te skenk.

Die ***Badisa Children Foundation NPC*** is 'n geregistreerde maatskappy sonder winsoogmerk, 2017/528019/08, wat op 28 November 2017 gestig is. Dit is 'n voertuig om fondse vir kinderbeskermingsdienste, wat deur Badisa gelewer word, te genereer.

Badisa fokus op die beskerming en versorging van kwesbare kinders oor die hele Wes-Kaap heen.

Die **Badisa-programme wat kinderbeskermingsdienste lewer**, is

- 36 Maatskaplikewerk-programme
- Magdalenahuis Beradingsentrum
- 22 Dagsorg- en Nasorgsentrums
- 6 Kinder- en Jeugsorgsentrums

Kontak ons asseblief as jy aan hierdie gholfdag wil deelneem om die Badisa stigting te ondersteun.

Tel: (021) 957 7161
Epos: info@badisa.org.za

Silwer juweliersware verkoping

Moonshadow pop up shop
Ten bate van Uyavula lees- en skryfprojek

Saterdag, 12 Mei
van 10:00 - 13:00
Uitreikkantoor, Helderberg Gemeente

Navrae Louise by 021-851 5582 of louise@nghelder.co.za

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*